SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Gratis universiteit-onderrig is alles verniet as basiese onderwys nie op pyl is nie.

2018-12-20

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) ondersteun aanbevelings deur die International Monetary Fund (IMF) dat die regering eerder basiese onderwys moet prioritiseer, as om gratis hoër onderwys te finansier. Die IMF het die afgelope week Suid-Afrika se beleid van gratis hoër onderwys bevraagteken. Volgens hierdie beleid bied die regering volledige beurse aan studente met ’n jaarlikse huishoudelike inkomste van minder as R350 000, sodat hulle gratis kan studeer.

“Die realiteit is dat ongeveer ’n derde van studente aan Suid-Afrika se openbare universiteite hul eerste jaar druip. Slegs die helfte van studente voltooi hul graadstudies binne die aangewese tyd. Die opbrengs op miljarde rande se belastinggeld wat aan beurse vir tersiêre opleiding spandeer word, is dus uiters power. Die regering sal beter doen deur eers die swak gehalte van onderrig in skole aanspreek,” sê Melanie Buys, onderwysspesialis verbonde aan die SOS.

Buys meen leerders se kans op sukses sal drasties verbeter as hulle op skool met die nodige kennis en vaardighede toegerus word.

Die SOS voorspel boonop ’n toename in die aantal matrikulante wat sal kwalifiseer om volgende jaar aan ’n universiteit te studeer, weens die verlaging van die slaagvereistes vir universiteitsvrystelling vanjaar. “Dit beteken nog meer studente, wat nie behoorlik toegerus is om aan ’n universiteit te studeer nie, kry toegang en finansiering om by universiteite in te skryf,” sê Buys.

Buys meen ook daar behoort meen klem op beroepsvoorligting en alternatiewe tot universiteitsopleiding geplaas word. “Universiteit-opleiding behoort nie as enigste of ideale keuse voorgehou te word nie en tegniese opleiding behoort groter aansien te geniet. Studente wat ambagte voltooi, is hoog in aanvraag is en kry dikwels vinniger werk as dié met universiteitsgrade,” sê Buys.

Volgens ’n studie wat Solidariteit Helpende Hand in Mei vanjaar bekendgestel het neem dit gemiddeld drie maande vir iemand met ’n kwalifikasie in ambagte om werk te kry, terwyl ’n persoon met ’n graad in geesteswetenskappe soms langer as vyf maande na werk soek nadat hulle graad gevang het.

Buys meen die gehalte van onderwys kan slegs verbeter indien die regering genoeg toegewyde, bekwame onderwysers aanstel. “’n Onderwysstelsel is slegs so goed soos die gehalte van sy onderwysers. Daar hoef nie noodwendig meer geld aan onderwys spandeer te word nie, maar beskikbare fondse moet beslis beter aangewend word.”

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

Helpende Hand se volledige verslag is hier beskikbaar: https://helpendehand.co.za/wp-content/uploads/2018/08/SFS-Verslag_Geredigeer.pdf

Vir verdere navrae, kontak Melanie Buys by 076 850 3157

Die Skole-ondersteuningsentrum is ’n inisiatief van die Solidariteit Beweging